

23 Desember

Geloof, hoop en liefde bly tot in ewigheid, want God is liefde!

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13:1-13

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:13

Paulus is besig om die Korintiërs te onderrig oor die probleme in die gemeente waarmee hulle worstel. Hulle worstel oor die spreek in tale, daar is verdeeldheid in die kerk, jaloesie oor 'n ander se geestelike gawes, selfsugtigheid, ongeduldigheid met mekaar en 'n algemene optrede wat tot oneer van God is. Die enigste manier hoe die sake reggestel kan word, is deur die uitleef van opregte liefde. Paulus skryf hier aan die Korintiërs oor wat liefde is, in drie aspekte:

Liefde is verrykend in jou lewe (1 Kor 13:1-3). Paulus wys duidelik daarop dat die beoefening van die vyf geestelike gawes in verse 1-3 *sonder liefde* nutteloos is. Maar as die gawes *in liefde* beoefen word, dan het dié geestelike gawes waarde, dan verryk dit 'n mens se lewe, dan kry God die eer! God, ons Vader, het sy liefde geopenbaar deur Jesus Christus na die aarde toe te stuur. 1 Johannes 4:19 – “Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.” Jesus Christus het sy liefde geleer deur sy lewe vir ons te gee en te beveel dat ons mekaar moet liefhê (vgl. Joh 13:34, 35). Die Heilige Gees het ons geleer om mekaar lief te hê deur in ons harte God se liefde uit te stort (vgl. Rom 5:5; 1 Tess 4:9)!

Liefde is opvoedkundig en leer ons hoe om te lewe (1 Kor 13:4-7). As ons werklik verstaan wat liefde is, dan lê daar vir ons opvoeding, toerusting en onderrig in. Maar nooit mag dit ons verwaand of voortvarend of betersweterige Christene maak nie (vgl. 1 Kor 8:1b; 12:7; 14:3, 5, 12, 17, 26). Dit beteken dat alles wat ons doen, met al die gawes wat ons van God ontvang het, nie op onself gerig moet wees nie, maar moet dien tot opbou van die gemeente van God. Dit kan net gebeur as ons werklik in die liefde die ander hoër as onself ag (vgl. Rom 12:10). Die wonderlike, positiewe gevolg van liefde is dat dit geduld, vriendelikheid, blydskap en vergewensgesindheid tot gevolg het.

Liefde is ewigdurend (1 Kor 13:8-13). Die liefde vergaan nooit nie, dit bly vir ewig. Liefde is die grootste van die drie gawes – geloof, hoop en liefde – wat sal bly. Hoekom is dit so? Want God is liefde (1 Joh 4:8, 16). Ons as Christene moet in ons lewens al nader na God toe groei. Ons moet al meer die liefde uitleef soos wat God dit aan ons geopenbaar het. En dit gebeur as ons in Jesus Christus glo, op Hom vertrou vir ons volkome verlossing en ons deur die Heilige Gees en die Woord elke dag laat lei. *Dan is liefde nie net 'n aktiwiteit wat ons uit ons eie moet doen nie, maar die uitleef van die geloof in die Drie-enige Verbondsgod wat werklikheid in ons lewens is.*

Daarom kan ons in dankbaarheid en hoop elke dag lewe, want God is liefde en Hy het aan ons sy liefde betoon deur Jesus Christus vir ons te gee.

Sing: Skrifberyming 9-4:1-6

Ds. Gerrit Kruger (Centurion)